# JAARVERSLAG

**MAART 2024 - FEBRUARIE 2025**

**Ephesians 4:16**

“Van Hom af word die hele liggaam saamgevoeg en saamgehou deur elke gewrig wat help, en elke deel doen sy werk volgens die krag wat aan elke deel toegemeet is, sodat die liggaam homself opbou in liefde.”

Ons sien elke dag hoe goed die Here vir ons is. Dankie vir 16 bestaansjare waar ons gevoel het Hy is naby en help ons.

**Hiermee wil ons graag almal wat betrokke is by Pharos aan ons lesers bekend stel:**
**Personeel van Pharos:**
Annalie Taute – Bestuurder en Maatskaplike werker (Tree af einde Augustus 2024)
Virna van der Walt – Bestuurder (Interrim vanaf September 2024 tot einde Feb 2025), Maatskaplike Hulp Werker en Sekretaresse
Annah Mine – Help en fasiliteer soms Lifeskills groep, leier van die Sepedi Bediening, Projek Hanna en Kantoorhulp
Wessel Grobler – Kantoorhulp, 3 oggende per week
Louise Pietersen – Ontvangsdame vanaf Januarie 2025, 4 oggende ’n week.
Kara Pieterse – Maatskaplike Werker, beskikbaar op versoek
Lindie Prozesky – Opvoedkundige Sielkundige, beskikbaar op versoek

**Raadslede:**
*Fanie Kerkhoff – Voorsitter*
Christo Botha
Hester Burger - bedank van Bestuursraad
Werner Bruhns
Frikkie Coetzee
Chris Harmse
Jaco Hattingh
Shani Roodt
Barry Swanevelder
Johan Taute (Tree af einde Augustus)
Ilze van der Westhuizen (Voorsitter vanaf Maart 2025)

**Klerebediening:**
*Ilze Basson*
Kittie Smith
Marialda Meyer
Petra Botha
Anita Zeeman
Rettie Stokes
Linda Meyer

**Kosbediening:**
*Annemarie de Bruyn*
Elsa Ferreira
Elise Loubser
Petro van Eck

**Projek Hanna:**
*Annah Mine*
Hannelie Janse van Rensburg
Benjamin Saccaggi
Eva van Rooyen

**Lifeskills**
*Theuns du Plessis / Annah Mine*

**Skryfbehoeftes:**
*Pharos Kantoor*

**Nutsman:**
*Gideon Moller*

**Werksoek Forum:**
Rudi de Jager
Mel Lachenicht

**Trudreams:**
*Hester Burger / Pharos*

**Gemeenskap Besigheid Inisiatief:**
*Paul le Roux*
Mel Lachenicht
Patrick Palmer

**Kersprojek:**
*Gemeentelede*

Dit is vir ons ` n voorreg om as volg verslag te doen oor ons werksaamhede van die afgelope boekjaar:

**1. MAATSKAPLIKEWERK-DIENSTE**

- Maatskaplike werkers hanteer baie verskillende soorte probleme. Hulle help mense met alkohol- en dwelmprobleme, huweliks- en gesinskwessies, emotionele probleme soos depressie en angs, werkloosheid en geldprobleme, sowel as trauma wat mense nog nie verwerk het nie.

- ` n Gemiddeld van 50 sessies per maand het plaasgevind met individue.

- Om goeie samewerking te verseker en te voorkom dat werk gedupliseer word, werk Pharos saam met verskeie organisasies in Pretoria-Oos. Bou verhoudinge met maatskaplike werkers van CMR, Solidariteit/Helpende Hand, Elden Social Workers, Bejaardesord sowel as die plaaslike skole en kerke in die omgewing. Hierdie samewerking help om gekoördineerde dienste aan die gemeenskap te lewer.
  Virna verteenwoordig Pharos/Lux Mundi op die bestuurspan van CMR se Faerie Glen-tak.

**2. KOSPROJEK**

Die koste van kos, brandstof en ander dienste styg elke jaar. Dit maak dit baie moeilik vir gewone mense om finansieel kop bo water te hou. Meer mense vra dus hulp by Pharos.

Ons deel elke week groot hoeveelhede kos uit aan mense en gesinne wat dit nodig het. Ons kyk eers noukeurig na elke persoon se omstandighede voordat ons hulp gee.

Daarna gaan die versoek na ons kosspan - 'n groep medewerkers wat hard werk en goed is in wat hulle doen. Hulle maak kospakkies volgens wat elke persoon of gesin spesifiek nodig het.

Gedurende die afgelope jaar het:

- ±27 Gesinne het maandeliks kruideniersware ontvang.
- Die kos-projek het donasies ter waarde van R63 040 ontvang en kos ter waarde R178 128 aangekoop.

- Kosvoorrade word aangevul deur verskeie bydraes van “Vriende van Pharos”. Die deurlopende bydraes van Lux Mundi se lidmate speel `n onmisbare rol. Daarmee saam, maak die bydraes deur besighede en skole ook `n groot verskil.
- Die Garscom netwerk gee ook bydraes om ons te ondersteun.

**3. KLERE-PROJEK**

Vanweë beperkte fondse ervaar baie mense in minderbevoorregte omstandighede `n groot behoefte aan klere en skoene.

Daarom is dit belangrik om goeie gehalte klere uit die gemeenskap te versamel wat aan sulke mense uitgedeel kan word.

Oor die jare het ons sentrum daarin geslaag om `n wye netwerk van bronne te bekom wat klere aan ons skenk. Met die groeiende behoeftes van ons mense, bly dit steeds `n uitdaging om in die behoeftes van alle kategorieë te voorsien.

Groot hoeveelhede klere wat weekliks ontvang word, word gesorteer en versprei na behoeftige individue, gesinne en instansies. Instansies wat baat by die verspreiding, is verskeie CMR takke (Bronkhorstspruit en Silverton), Qumi Homes, Eljada, asook die woongebiede van Eersterust, Hammanskraal, die Middestad en Weste van Pretoria. Uitreike na Ohrigstad en Mosambiek het ook klere ontvang.

Gedurende die pasafgelope boekjaar is:

- Klere ter waarde van R537 500 is ontvang.
- Klere ter waarde van R573 000 is aan 170 afsetpunte voorsien.

**4. TRUDREAMS**

In die groter Pretoria is daar verskeie matrikulante wie se ouers nie in staat is om `n mooi uitrusting vir die Matriekafskeid te bekostig nie. Deur middel van die Trudreams projek word daar juis uitgereik na hierdie jongmense om dit vir hulle moontlik te maak om `n glansryke afskeid saam met hulle vriende voluit te geniet.

Trudreams het afgeskaal, maar is steeds beskikbaar vir as daar ’n behoefte onstaan vir ’n behoeftige familie.

Vir diegene wat oor geen fondse beskik nie, word die klere gratis bekikbaar gestel vir die aand.

Enkele individue is in die finansiele jaar bygestaan met ‘n spesiale uitrusting.

**5. PROJEK HANNA**

Die projek Hanna is `n inisiatief van Annah Mine wat die leier van die Sepedi-bediening is. Huiswerkers by die Sepedi-bediening het die behoefte uitgespreek om toegerus te word met naaldwerkvaardighede ten einde artikels vir hulleself te kan maak.
Hannelie Janse van Rensburg en Eva van Rooyen gee tans onderrig aan die huiswerkers. Benjamin Sacaggi, The Green Tailor is ook betrokke by die onderrig wat tans op Saterdae plaasvind.

Die groep huiswerkers van 14 in 2024 en 11 vanaf Januarie 2025 maak verskillende artikels wat die volgende insluit:

Rompe, Tafeldoeke, Voorskote, Drasakke, Pennetjiesakke, Gordyne, Tafeldoeke, Bybel- en Duvet-oortreksels.

Annah en haar span het gehelp om 100 materiaal dra-sakke sowel as materiaal sanitere doekies vir die Mosambiek uitreik, te maak.

Die projek het twee hoofdoelwitte: eerstens om huiswerkers te bemagtig sodat hulle hulself beter kan versorg en 'n inkomste kan verdien, en tweedens om hulle die geleentheid te gee om hul eie merk op produkte te plaas wat na Lux Mundi se verskillende uitreikprogramme gaan.

**6. SKRYFBEHOEFTE-PROJEK**

Alle leerders het skryfbehoeftes nodig om gereed en selfversekerd skool toe te gaan. Maar nie alle ouers het die geld om hierdie benodighede aan te koop nie.

Pharos help daarom leerders wat dit nodig het by:

- Laerskool Garsfontein
- Hoërskool Garsfontein
- Verskeie CMR Takke

Die skole se ondersteuningspersoneel help om te kyk watter leerders hulp nodig het.

- In die pasafgelope boekjaar is 110 behoeftige leerders van skryfbehoeftes voorsien. Dit sluit leerders by Hoër- en Laerskool Garsfontein in, asook kinders geïdentifiseer deur maatskaplike werkers by al die CMR takke van Oostelike Sinode. Die bedrag wat spandeer is, beloop R40 290.

- ‘n Spesial dankie aan Talia van der Westhuizen en vriende, vir haar skryfbehoeftes donasie, elke pakkie opgemaak met liefde

**7. HAWELOSES EN WERKLOSES**

Baie mans sonder werk en huise kom van ander lande en plattelandse areas na Pretoria. Hulle soek desperaat werk. Baie van hulle kom uit huise waar kinders die gesinne moet lei. Hulle het nie altyd die basiese vaardighede om werk te kry nie. Daarom moet hulle eers belangrike lewensvaardighede leer.

Elke Donderdagoggend leer hulle belangrike lewenslesse. Die lesse is gebaseer op die Bybel.

Saam met die lesse kry hulle ook kos:

- 1kg mieliemeel
- Sojamaalvleis
- Brood
- Vars kerrie en rys (ontvang weekliks van donateur)

Diegene wat dit nodig het, kan ook hulp kry van 'n maatskaplike werker.

- In totaal is daar 2627 rantsoenpakke met nie-bederfbare kos aan hierdie groep mense uitgedeel.
- Skoon klere, komberse, handreinigers, asook maskers is aan hulle voorsien.

## 8. KERSDAGPROJEK (“HAMPERS”) VIR HAWELOSES

Kersdag is 'n spesiale gesinsdag. Dit is 'n tyd wanneer mense graag saam met hulle families wil wees.

Baie haweloses in Pretoria het nie meer kontak met hulle families nie. Party het nie geld om na familie of vriende te reis nie. Hulle voel eensaam en verwerp.

Dit is belangrik om op Kersdag na hierdie mense uit te reik. Ons wil hê hulle moet ook spesiaal voel.

Hoe ons help:

- Ons gee hulle basiese goed wat hulle nodig het
- Toiletware
- Kos wat nie bederf nie
- 'n Kersboodskap

So kan ons vir hulle wys dat iemand omgee.

- Op Kersdag is 90 “Hampers” uitgedeel.

## 9. WERK SOEK FORUM

Met die werkloosheidsyfer in ons land wat beraam word op 32% en steeds styg, is daar talle werksoekers wat desperaat wag op `n werksgeleentheid. Om die konsep van werkloosheid te versag, as gevolg van die stigma wat sommiges daaraan koppel, het ons by ons Werk Soek Forum geleer om eerder te verwys na mense “tussen werke”.
Hierdie probleem tref alle ouderdomsgroepe baie erg, maar dis veral ouer persone wat deur afleggingsprosesse hulle werk verloor en hulleself as oorbodig beleef en wat unieke probleme ondervind. Dikwels beleef hierdie kategorie mense die arbeidsmark as ontoeganklik en moet hulle op alternatiewe wyses probeer om hulle inkomste te genereer.

Die groep vergader op Donderdagoggende en die wedersydse ondersteuning vorm `n belangrike fondament waar hulle ook vanuit die Skrif bemoedig en versterk word.

Aspekte waarop daar tydens die byeenkomste gefokus word, is:

- Riglyne vir CV’s en voorbereiding vir Onderhoude
- Waar en hoe om Werk te soek
- Die Werk-soek-proses: Wat werk en wat werk nie
- Selfverkenning: Ontsluit potensiaal: Persoonlikheid, Sterk punte, Passies, Waardes, Doelwitte, Struikelblokke, ens
- Diegene wat persoonlike probleme ondervind, word verwys vir hulpverlening.
- Gedurende die pasafgelope boekjaar het 54 persone by die forum aangemeld.
- 26 mense het net een keer bygewoon (van hulle bly nie naby nie en sukkel met vervoer) - ons kan hulle nie regtig help met werk soek nie
- 28 mense het meer as een keer bygewoon (gemiddeld 2-4 keer)
- 4 mense het werk gekry (van die wat meer as een keer bygewoon het en laat weet het hulle het werk gekry)
- 1 Persoon is nog WIP van 2024 af (Wayne - hy kom vir die saamwees - hy is versorg)
- 8 Persone is huidig WIP

**10. GEMEENSKAPSBESIGHEIDSINISIATIEF (GBI)**

Hierdie projek het ontstaan as gevolg van ernstige werkloosheid in die gemeenskap.
Die fokus van GBI is om ` n onafhanklike, volhoubare en toeganklike besigheidsontwikkelingskapasiteit te vestig wat die gemeenskap se besigheidspotensiaal ontsluit tot eer van God.

Dit word bewerkstellig wanneer die liggaam van Christus saam werk.

Gedurende die jaar wat verby is, het die GBI-span interaksie gehad met meer as 30 persone by meer as 48 fokusgroep-byeenkomste. Die Fokusgroep sessies vind plaas op Woensdae by Pharos en word bygewoon deur gemiddeld tussen 8 tot 12 persone.

Daar vind doelgerigte ondersteuning van entrepreneurs plaas, eerstens deur besigheidsidees te toets en dan die entrepreneursvaardighede van die persoon te evalueer. Daarna volg die besigheidsplan en verdere ontwikkeling van die besigheid.

Op hierdie wyse is 8 besighede aktief ondersteun. (Mentor programme)

- Honde salon
- Portretraam staanders en hangers
- Motor herstelwerk
- Elektriese dienste
- Brein kapasiteit ontwikkeling
- Korporatiewe stresbestuur
- Comra-terapie
- Gebou inspeksiedienste

Verteenwoordigers van die volgende gemeentes is tans aktief betrokke by GBI:

- Lux Mundi
- 3CI
- Constantia Park Babtiste
- Moreleta

GBI het 4 Opleidings sessies aangebied:

- Kontantvloei bestuur
- Bemarking
- Regsprosesse
- Mentor opleiding

Ons beplan om nog 4 vaardigheid opleiding sessies aan te bied.

- Optimering van geïntegreerde benutting van brein kapasiteit.
- Effektiewe kommunikasie
- Skerper kreatiewe denke
- Finansiële geletterdheid

GBI het 'n sterk fokus op die evangelie van Jesus Christus as die sentrum van ons aktiwiteite.

**11. CHICS@PHAROS**

Die afkorting CHICS staan vir COMMUNITY HOUSEHOLDS INTERFACE CARE AND SUPPORT en hulle gebruik die logo van ` n kuikentjie om daarmee uit te beeld dat hulle brose kinders (soos VIGS-wesies)

wil beskerm. CHICS wil verseker dat behoeftige kinders in gesonde en funksionele huishoudings groot word deur die bemagtiging en uitbouing van ouerskapsvaardighede. Die gedagte is dat hoe meer ouers tuis belê in die lewenskwaliteit van hulle kinders, asook hul kinders inskakel by vroeë opvoedkundige programme soos die sogenaamde Early Childhood Development Centres (ECD), hoe groter is die kanse dat die kinders sal floreer.
Verskillende modelle is al in die praktyk getoets en die model wat die beste resultate toon, is die een waar die hoofde van die ECD's self betrokke is. Dit is meer koste-effektief, volhoubaar en die model wat die grootste impak het. In die proses word gemeenskapsnetwerke versterk tussen die kerke, skole en dagsorgsentrums. Pharos ondersteun die Mamelodi-tak van hierdie projek reeds sedert Nov 2011.

- R43 200 is gedurende 2024/25 aan CHICS oorbetaal.

**12. PHAROS NOODSORG**

**Die impak van ekonomiese probleme**

Ons land se swak ekonomie, kragonderbrekings en duur brandstof het besighede laat sukkel. Baie mense het hul werk verloor, en gesinne wat reeds gesukkel het, kry dit nou nog moeiliker. Pharos moes baie mense help en ondersteun.

**Hoe dit gesinne raak**

Wanneer 'n pa of ma nie genoeg geld het om kos en basiese goed te koop nie, skep dit groot spanning in die huis. Ouers raak gefrustreerd, en dit raak ook die kinders. Die kinders gedra hul dan slegter en doen nie goed op skool nie.

**Hoe Pharos help**

Om hierdie probleme te voorkom en ouers te help, tree Pharos in om die druk te verlig. Ons doen dit op 'n respekvolle manier wat mense se trots beskerm. Ons wil mense help om weer op hul voete te kom, maar nie dat hulle van ons afhanklik word nie.

- 40 Gesinne/Huishoudings is finansieel ondersteun.
- Daar is R193 927 bestee aan die nood van individue en gesinne vir betaling van noodsaaklike uitgawes. (Dit sluit munisipale rekeninge, huurgeld, medikasie, ens in.)

**13. NETWERKE**

In die werk wat ons doen, is ` n sterk ondersteunings netwerk vir Pharos ` n belangrike prioriteit. Daarom is ons baie dankbaar en bevoorreg om die lojale steun en vertroue van die gemeenskap te kon verkry oor die afgelope aantal jare. Ons plaas ` n hoë premie op verhoudinge met instansies soos die SAPD, Sunrise Support Centre, veiligheidsforums soos GarsCom, CMR, omliggende hoër- en laerskole, Ringsgemeentes, Afrikaanse Toekoms Trust, Elden Social Workers, ander kerke, Solidariteit/Helpende Hand, Moeggesukkel Rehabiltasie Sentrum, die sakegemeenskap, ens.

**PAD VORENTOE**

**Ons doelwit** Ons wil altyd nuttig bly en help met wat die gemeenskap nodig het. Ons weet dinge is moeilik - petrol kos meer, mense verloor werk, kos is duurder, en daar's gereeld geen krag nie. Dit maak dit ook harder vir ons om te help.

**Wat ons nog steeds wil doen:**

- Die plaaslike gemeenskap help deur voortdurend daar te wees vir mense wat sukkel

- Mense in nood ondersteun en sterk maak sodat hulle op hul eie kan klaarkom en met waardigheid kan leef
- Mense aanmoedig om self te help wanneer daar nood in hul buurt is
- Projekte begin en ondersteun wat op die langtermyn sal werk

**BEDANKINGS**

Pharos het net twee voltydse werknemers. Vir al die ander werk gebruik ons twee kontrakwerkers en vrywilligers wat ons help met ons projekte.

Daarom is ons opreg dankbaar vir die toewyding en lojaliteit van:
2 Deeltydse werknemers
37 Vrywilligers
72 Donateurs


Ons is gelukkig om 'n aktiewe groep projekleiers te hê wat hulle spanne goed lei.

Pharos se bestuur, onder Fanie Kerkhoff se goeie leiding, gee ons gereeld waardevolle hulp en raad. Ilze van der Westhuizen neem die leiding oor vir die nuwe 2025 finansiële jaar.

Ons wil ook opreg dankie sê aan die volgende mense wat ons gehelp het om hierdie belangrike werk te doen.

Hulle is:

- Lux Mundi Gemeenteraad, leraars en kantoorpersoneel, asook
- Lux Mundi Gemeentelede.


Gemeenskaps
Besigheids
Inisiatief
Berading
Werk Soek
Forum
Kospbediening
Kersdagprojek
Klerebediening
Life Skills
TruDreams
Skryfbehoeftes
Projek Hanna